Elke kind is belangrik

›› Hoekom ons skole sluit

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het begin met ‘n openbare konsultasieproses oor die vraag of 27 skole in die provinsie gesluit moetword. Die proses het aansienlike debatvoering veroorsaak. Hier is die antwoorde op baie van die vrae wat lede van die publiek vra.

V Hoekom is dit nodig om skole te sluit?

Ons doel is om aan die kinders van hierdie skole beter geleenthede te bied. Ons sal hulle graag by skole wil plaas wat beter toegerus is om onderwys van gehalte te lewer.

V Wat is verkeerd met die skole wat julle beplan om te sluit?

Die omstandighede verskil van skool tot skool.
Die meeste van die skole wat ons graag sou sluit, is baie klein plattelandse skole wat nie oor die nodige bronne beskik om die volle kurrikulum aan te bied nie.
Dit beteken nie dat hierdie skole sleg is nie. Dit beteken eenvoudig dat ander, groter skole beter toegerus is om onderwys van gehalte te verskaf.

Ons moet alternatiewe oorweeg, wat die sluiting van skole insluit, indien leerdergetalle afneem, indien geboue vervalle is en nie aan die Departement behoort nie, en indien leerders ‘n beter kans staan om beter te presteer by ‘n ander skool.
Die Departement sal elke skoolgemeenskap inlig aangaande die spesifieke redes waarom die Departement graag die skool wil sluit.

V Watter beleide is van toepassing op die sluiting van skole?

Die WKOD tree op ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Skolewet en die nasionale Riglyne vir die Rasionalisasie van Klein en Nielewensvatbare Skole. Hierdie riglyne is van toepassing op landelike sowel as stedelike skole.

V Hoe kan ek op die voorstelle komentaar lewer?

U kan vertoë rig tydens ‘n openbare vergadering wat deur die Departement gereël word.
U kan ook vertoë skriftelik rig aan die direkteur van u onderwysdistrik.

Kontak u skool of u plaaslike onderwysdistrikskantoor vir verdere besonderhede. Vir kontakbesonderhede, besoek die WKOD se webtuiste by **wced.school.za**

V Hoe sal my kind voordeel trek uit die sluit van skole?

Ons doelwit is om geleenthede vir u kind te verbeter. Ons sal hulle graag by skole wil plaas wat beter toegerus is om onderwys van gehalte te verskaf. Ons waarborg dat ons u kind in ‘n beter, veiliger leeromgewing sal plaas.

V Word daar met die mense wat daardeur geraak word, gepraat?

Ja. Openbare deelname vorm die kern van die hele proses.
Ons onderwysdistrikte hersien bronne op ‘n voortdurende basis in konsultasie met die betrokke skole.
Die Departement stel sluiting voor aan die Minister van Onderwys indien hy glo dat dit nodig is.

Die Minister neem die voorstelle een vir een in verhoor, in oorleg met die betrokke skoolgemeenskappe.

Die Minister begin deur die skoolbeheerliggaam te raadpleeg, en dan die breër gemeenskap, deur middel van ‘n openbare deelnameproses, soos vereis word.
Hy sal ‘n finale besluit neem nadat vertoë van alle belanghebbendes oorweeg is.

Hy sal sy besluit neem op grond van wat in die beste belang van die betrokke leerders is.

V Hoekom sluit die Departement skole terwyl sommige reeds oorvol is?

Skole is nie altyd daar waar hulle nodig is nie, byvoorbeeld in afgeleë landelike gebiede, of in ouer stedelike gemeenskappe waar daar nie so ‘n groot aanvraag vir skole bestaan nie.
Ons sou verkies om leerders in skole van gehalte naby hulle huise te plaas sodat hulle nie lang afstande hoef te reis om by die skool uit te kom nie.
Sommige van ons skale is baie vervalle en dit is nie die moeite werd om hulle te onderhou wanneer ons die leerders in beter nabygeleë skole kan akkommodeer nie.

V Hoekom stel julle nie meer onderwysers aan in die klein landelike skole nie?

Onderwysers word aan skole toegeken op grond van die getal leerders by hierdie skole. Baie van hierdie skole het slegs genoeg leerders vir een of twee klasse.
Dit beteken dat kinders in hierdie klasse gewoonlik in meer as een graad is. Ons praat hier van multigraadklasse.

Onderwysers gebruik spesiale tegnieke om multigraadklasse te onderrig, maar kan nie werklik meeding met groter skole wat uit enkelgraadklasse bestaan nie.

Hoekom nie?

‘n Onderwyser wat leerders van sewe grade in een klas onderrig, moet byvoorbeeld 50 lesse per dag voorberei en lewer om dieselfde area te dek as groter skole met klasse vir elke graad. Dit is baie moeilik om reg te kry.

V Is die Wes-Kaap die enigste provinsie wat skole sluit?

Nee. Provinsiale onderwysdepartemente het, volgens die Departement van Basiese Onderwys, in die periode 2006 tot 2010 byvoorbeeld meer as 1000 skole oor die land heen gesluit.